

1 Bid dat TWR-luisteraars in Afrika hoop sal vind deur die programme wat deur TWR uitgesaai word.

2 Ons dank God dat TWR Afrika die geleentheid gebied word om God se onveranderde boodskap in hierdie veranderende wêreld uit te saai.

3 Ons bid vir geestelike en fisiese genesing vir TWR-Afrika luisteraars in oorloggeteisterde lande in Afrika.

4 Ons bid vir die TWR Afrika-vertalers en -produsente wat in vyandiggesinde lande werk waar hul eie lewens in gevaar is.

5 Bid vir veiligheid vir TWR-werkers in Afrika wat radio's versprei in gebiede waar Christene vervolgd word.

6 Bid dat God TWR Afrika se programme sal gebruik om luisteraars aan te moedig om die lewens van vriende en familie en selfs gemeenskappe positief te beïnvloed.

7 Ons loof die Here vir die reaksies wat ons ontvang het sedert die uitsending van die Afrikaanse weergawe van *Thru the Bible*, genaamd *Die Bybel vir Vandag*, in Namibië. Ons dank God dat luisteraars deur die program geseën word.

8 Ons dank God vir TWR-Afrika se aanbieders wat ons programme in verskeie Afrika-tale uitsaai.

9 Bid asseblief vir volhoubare groei en uitbreiding van TWR Afrika se bediening aan die Portugees-sprekende mense in Afrika. Bid dat die Here hulpbronne en personeel sal voorsien vir hierdie taak.

10 Bid vir ons nasionale vennoot, TWR Malawi, wat uitsendings uitbrei na die noorde van Malawi, ondanks vele uitdagings wat hulle vroeër vanjaar ervaar het.

11 Bid vir die uitbreiding van die TWR-Zoeloe-bediening wat uitreik na Zoeloe sprekkendes met boodskappe van hoop.

12 Bid dat God se Woord redding en hoop sal bring vir luisteraars in Nigerië wat uitsendings ontvang van die nuwe Oasis-sender wat vroeër vanjaar bekendgestel is.

13 Bid steeds vir TWR Afrika-luisteraarsgroepe regoor die kontinent. Bid dat hulle bemoedig sal word deur die Woord van God en in hulle omgang met mekaar.

14 Vandag verjaar Stuart Gordon, Direkteur van Menslike Hulpbronne vir die TWR-Afrika streek. Bid asseblief vir goddelike wysheid, aangesien hy dikwels sensitiewe inligting en situasies moet hanteer.

15 Bid vir gemeentes wat sendelinge ondersteun wat die vervolgedes en lydendes bedien in Afrika lande.

16 Loof die Here vir die *Litala Iya Umi*-program (*The Way of Life*) wat vanaf die TWR-stasie in Eswatini uitgesaai word en dank Hom vir die terugvoer van luisteraars wat ons ontvang. Bid vir God se voorsiening vir die voortsetting van hierdie uitsending.

17 Afrika het Jesus nodig! Bid asseblief vir die uitbreiding van TWR Afrika se bediening na meer onbereikte bevolkingsgroepe, veral in afgeleë gebiede.

18 Bid asseblief dat God die weg sal berei vir die voortgesette uitsending van TWR-programme na armoede-geteisterde lande in Afrika.

19 Eberhard Haberkorn is verantwoordelik vir die uitstuur van Duitse programme en die uitleg van ons nuusbrieff. Vra die Here om hom te lei in hierdie groot taak.

20 Bid steeds vir die Wes- en Sentraal-Afrika-span, terwyl hulle maniere en geleenthede vind om die bediening in hul streek uit te brei sodat lewens verander kan word.

21 Vra die Here om die Luisteraarsdienste-Afdeling met genade en wysheid te seën in die hulp wat hulle verleen aan luisteraars se uitdagings en versoeke.

22 Bid dat die Here sal voortgaan om hulpbronne te voorsien vir die streekkantoor in Afrika om TWR se visie en projekte effektief te implementeer tot uitbreiding van die Koninkryk.

23 Bid asseblief vir wysheid, krag, gesondheid en beskerming vir TWR-personeel regoor Afrika.

24 Bid dat God die nodige fondse sal voorsien vir ontwikkeling van nuwe programme vir Zimbabwe.

25 Vra die Here dat alle TWR-Afrika vertalers en programleiers standvastig sal fokus op die vervaardiging van gepaste programme binne die Afrika konteks.

26 Brenda Lombard verjaar vandag. Vra die Here om haar te seën en leiding te verskaf met die koördinerings van die *Women of Hope* gebedskalenders asook die administrering van die TWR Afrika *Women of Hope* webwerf.

27 Bid vir volgehoue ondersteuning om die uitsending van bestaande programme en die produksie van nuwe programme te dek sodat ons effektief kan uitreik na almal wat soek na die ware Evangelie.

28 Ons prys God vir die inisiatiewe en voorgelegde programme wat vertroosting bied vir luisteraars. Vra die Here om hierdie inisiatiewe te seën.

29 Bid asseblief vir ons Afrikaanse luisteraars van *Die Bybel vir Vandag* wat via WhatsApp op die program reageer en hulle behoeftes en vrese met ons deel. Moeders is veral besorg oor bendegeweld en die veiligheid van hulle kinders.

30 Bid dat meer programme vir kinders deur TWR-Afrika vervaardig en uitgesaai kan word.

31 Hou aan om te bid dat die jeug in Afrika by TWR sal inskakel om leiding deur ons programme te kry. Ons dank die Here dat ons baie terugvoer ontvang van jong luisteraars wat getuig dat hul lewens verander het deur te luister na die boodskappe van TWR.